higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel)

**NKR VLAK 2**

(4020242)

**6 Maart 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 2 bylaes.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 60**

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING C: VISUELE TEKSTE

5. Jy moet beplan (byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ensovoorts), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. ALLE beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

9. Beplan jou tyd.

10. Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 1: NAVRAAGBRIEF

**SITUASIE**

Die firma waarvoor jy werk, Africa Security, het gevra dat jy hul jaarlikse konferensie organiseer. Die konferensie is geskeduleer vir 20 en 21 Julie 2018 van 08:00–17:00. 140 afgevaardigdes sal die konferensie bywoon. Jy moet voorsiening maak vir 'n konferensielokaal en ook vier wegbreekkamers. Elke lokaal moet skryfbehoeftes, blaaiborde en water hê. Die hoofsaal moet ook 'n videospeler en mikrofoon hê.

Die afgevaardigdes sal elke oggend om 07:30 en 10:00 verversings geniet en 'n ligte maaltyd om 13:00.

Jy het verneem dat die Kopanong Konferensiesentrum baie goeie diens verskaf. Hulle adres is Posbus 2011, Die Wilgers 0041.

**OPDRAG**

Skryf 'n navraagbrief (120–150 woorde) aan die bestuurder van Kopanong waarin jy verneem of hulle jou kan help met die vereistes. Vra ook dat hulle vir jou 'n kwotasie (per persoon) stuur van die onkostes.

Sit jou navraag duidelik, volledig en logies uiteen – een gedagte per paragraaf.
Onthou om jou kontakbesonderhede (byvoorbeeld selnommer, faksnommer of e-posadres) te verskaf.
Spreek waardering uit – bou welwillendheid. **[30]**

**OF**

### VRAAG 2: ANTWOORDBRIEF

**SITUASIE**

Jy is die bestuurder van Kopanong Konferensiesentrum (lees die SITUASIE in VRAAG 1). Julle kan wel aan die firma, Africa Security, se vereistes ten opsigte van fasiliteite en verversings voldoen.

**OPDRAG**

Skryf nou 'n formele antwoordbrief waarin jy die maatskappy van jul doeltreffende diens verseker. Bevestig die datum(s), tye en aantal gaste. Bevestig ook die lokale en toebehore.

Kwoteer die maatskappy per persoon ten opsigte van die onkostes (fasiliteite, verversings en etes).

Erken ontvangs van die navraag en spreek waardering uit.
Sit jou terugvoer duidelik, volledig en logies uiteen – een gedagte per paragraaf. **[30]**


Kopiereg voorbehou 

**OF**

## VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

### SITUASIE

As voorbereiding vir jul jaarlikse konferensie oor selfbeveiliging het die hoofveiligheidsbeampte van jou firma, mnr. Pillay, gevra jy moet statistieke bymekaar maak oor misdade wat die afgelope jaar in jul omgewing plaasgevind het. Jy het 'n vraelys opgestel en 100 gesinne/persone wat onder misdaad deurgeloop het, ondervra. Jou ondersoek het die volgende opgelewer:




[Bron: *Eie ontwerp*]

### OPDRAG

Skryf 'n formele verslag (120–150 woorde) waarin jy jou bevindinge en gevolgtrekkings duidelik uiteensit.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Persoon wat aangespreek word
- Titel van die verslag
- Inleiding (opdrag)
- Prosedure
- Bevindings
- Gevolgtrekkings
- Slot (aanbevelings) **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK**

**VRAAG 4: BESKRYWING**

Kies EEN van die vrae uit AFDELING B (VRAAG 4, 5 of 6) en skryf 80–100 woorde daaroor.

**SITUASIE**

'Almal praat daaroor. Mense is toenemend bekommerd daaroor. Gemoedere styg en plek-plek bereik dit kookpunt. Frustrasiedrempels word oorgesteek; emosies van magtelose woede loop hoog; 'n gevoel van onveiligheid en selfs vrees pak mense beet – ons word gedwing om agter hoë mure en veiligheidsheinings te skuil en ander vlug selfs landuit.'

Die hoë misdaadsyfer is deesdae op almal se lippe. Tog kan elkeen van ons help om misdaad te bekamp. Deur meer oplettend te wees, jou eiendom te beveilig en jouself te bemagtig kan alreeds baie help. Daar vind talle misdade reg onder ons oë plaas.



**OPDRAG**

Bestudeer die prente aandagtig. Gee nou 'n beskrywing (80–100 woorde) oor die tipes misdade wat daagliks reg onder ons oë plaasvind.

- Begin met 'n gepaste inleidende sin.














- Laat 'n reël oop tussen elke paragraaf.
- Strukturеer die paragrawe sodat dit samehangend en logies opmekaar volg.
- Eindig jou beskrywing met 'n gepaste slotsin, byvoorbeeld hoe om misdaadbekamping te bevorder.



[Bron: *CLF*, 2 Maart 2015 en *Afrikaans sonder Grense*, Graad 10] **[20]**

**OF**

**VRAAG 5: UITNODIGING PER E-POS**

**SITUASIE**

Die firma waar jy werk, Africa Security, het besluit om die hoofveiligheidsbeampte, meneer Vince Pillay, te nooi om as gasspreker op te tree tydens die jaarlikse konferensie oor selfbeveiliging. Hy sal die intree-toespraak op 21 Julie 2018 doen. Mnr. Pillay is hoogs bekwaam in sy werk en het reeds verskeie toekennings vir uitstekende dienslewering ontvang.

Die gehoor sal bestaan uit veiligheidshoofde van die polisiesektor, sekuriteitsektor asook die privaatsektor. Die program laat 30 minute toe vir meneer Pillay se toespraak.

**OPDRAG**

Rig 'n uitnodiging (80–100 woorde) per e-pos aan meneer Pillay om as gasspreker op te tree. Gebruik die volgende e-posadres: VinceP@gmail.com

Gebruik die e-postemplaat in BYLAE A (aangeheg).
Onthou om die bylae saam met die ANTWOORDBOEK in te handig. **[20]**

**OF**

**VRAAG 6: OOGGETUIEVERSLAG**

**SITUASIE**

Op Saterdagoggend 2 April 2017 het jy rustig met jou motor in Simon Vermootenweg afgery. Jy het op die hoek by Furrowweg by die verkeerslig agter 'n wit Toyota gestop. Oudergewoonte het jy na die registrasienommer van die motor gekyk om te sien of jy 'n rympie met die letters en die nommers kan maak: CT 45 SK ... Skielik was daar chaos rondom jou. 'n Swart BMW het vanuit Furrowweg aangejaag gekom en skielik met skreeuende bande gestop. Twee mans met balaklawas het uit die motor gespring en na die Toyota gehardloop. Hulle was swaar gewapen. Skielik het hulle die bestuurder van die Toyota, 'n vrou, uit haar motor gepluk en haar op die grond neer-gegooi. Die mans het in die motor gespring en weggejaag met die BMW kort op hul hakke. Jy het skielik besef dat dit 'n motorkaping was wat voor jou oë afgespeel het. Jy het probeer om die BMW se registrasienommer te kyk maar kon net die eerste deel uitmaak – BY 23 ...

Jy het na die vrou toe gehardloop. Haar gesig was stukkend waar die teer haar geskraap het en dit het baie gebloei. Jy het dadelik die polisie gebel en hulle was binne minute daar.

**OPDRAG**

Jy moet 'n verslag (60–80 woorde) vir die polisie oor die insident skryf. Gebruik BYLAE B (aangeheg) om die verslag te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die BYLAE in te vul en dit saam met die ANTWOORDBOEK in te handig.

Sluit die volgende inligting in:

- Waar die kaping plaasgevind het
- Beskrywing van wat gebeur het
- Of daar enige ander ooggetuies saam met jou was
- Inligting oor wie beseer is
- 'n Kort beskrywing van die beserings wat die passasiers opgedoen het. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: VISUELE TEKSTE

### VRAAG 7: DIALOOG

**SITUASIE**

Jy het by jou vriendin gaan kuier. Groot was jou verbasing toe jy daar aankom en haar half bedwelmd aantref, besig om marijuana te rook. Behalwe dat dit teen die wet is en as 'n misdaad beskou word, besef jy ook dat dit baie nadelig is vir 'n mens se gesondheid.

Jy besluit om daar en dan met haar oor die gevare van dwelmverslawing te praat.



**OPDRAG**

Skryf die dialoog (30–50 woorde) neer. Die dialoog moet toepaslik wees vir die spesifieke situasie. Dui die persoon wat praat duidelik aan, byvoorbeeld:

Jy (skryf jou eie naam): Agge nee, Mia ... wat maak jy nou?

Mia: Hoesit my tjomma ... wil jy 'n trek van my zol hê?

Elke persoon moet ten minste VIER keer praat. **[10]**

**OF**

## VRAAG 8: PLAKKAAT

### SITUASIE

Die tweede dag van die Africa Security-konferensie (21 Julie 2018) oor selfbeveiliging, word ander personeellede van die firma toegelaat om dit by te woon. Op hierdie dag word sake rakende fisiese selfbeveiliging aangespreek. Besprekings moet vooraf by die maatskappy se kantoor gedoen word en personeellede is vir hul eie verversings verantwoordelik.

### OPDRAG

Ontwerp 'n treffende A4-grootte PLAKKAAT (30–50 woorde) met inligting oor die geleentheid vir jul interne kennisgewingbord. Pas die ABBA-beginsel toe en verskaf die volgende inligting:

- Die plek waar, die datum en tyd wanneer die geleentheid plaasvind
- Die tema wat dié spesifieke dag bespreek gaan word
- Voorafbespreking is noodsaaklik
- Hoekom dit belangrik is dat personeel dit bywoon **[10]**

**OF**

## VRAAG 9: KLEINADVERTENSIE

### SITUASIE

Die firma waar jy werk, Africa Security, benodig jong studente om as begeleiers/bodes op te tree tydens hul jaarlikse konferensie wat van 20 tot 21 Julie 2018 gehou word. Die konferensie word by die Kopanong Konferensiesentrum gehou. Dit is slegs 'n tydelike werkie vir die twee dae en die firma teiken graag studente wat vir sakgeld werk. Vergoeding sal teen R50,00 per uur aangebied word.

### OPDRAG

Ontwerp 'n kleinadvertensie vir plasing in jul plaaslike koerant waarin jy die geleentheid adverteer. Maak gebruik van die ABBA-beginsel. **[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 60**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

## VRAAG 5: UITNODIGING PER E-POS

**• Untitled Message • Message [Rich Text]** _ □ X

**FILE EDIT VIEW INSERT FORMAT TOOLS ACTIONS HELP**

**Send** ! ↓ **Options** » v **Arial** v » v

| | |
|---|---|
| **To ... (Aan)** | |
| **Cc ...** | |
| **Subject** (Onderwerp) | |

**BYLAE B** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 6: OOGGETUIEVERSLAG**

| **OOGGETUIEVERSLAG** | | |
|---|---|---|
| Van en voorname van persoon wat kaping rapporteer | : | |
| Datum van kaping | : | |
| Tyd van kaping | : | |
| Plek van kaping | : | |
| Fabrikaat en registrasie-nommers van voertuie wat betrokke was | : | |
| Van en voorname van beseerde persoon | : | |
| Simptome van beseerde persoon | : | |
| Hoe het die kaping gebeur | : | |
| Noodlening aan die beseerde persoon verskaf | : | |
| Handtekening | : | |
| Datum | : | |

**[20]**

NCV